# Die Kat Kom Weer

Die helikopter swenk en daal vinnig. My maag wriemel teen my ribbes. Onwillekeurig rys my hare.

Susan sit haar hand beskermend oor my skouers.

Ek skud dit geïrriteerd af. Ek hou nie van aanraking nie.

Sy frons, maar sluk haar woorde betyds. Ek ignoreer haar skewe kyk. Ons stryk neer en sy pluk die deur oop. Ek spring uit. Land instinktief op al vier my voete. Ons hardloop na die groep wat naby die bouval vir ons wag.

"Wat is die situasie, Josh?" vra Susan sonder om te groet. "Hoeveel is nog onder die puin?"

"Twee. Ons kon twee opspoor maar hulle is te diep vir ons om by te kom."

"Lewendig?" vra sy hoopvol.

"Billy-hulle dink so, ja."

Ek loer vlugtig na die drie herdershonde wat in die skadu sit. Hulle tonge hang uit.

Ek ping hom met Neuronet. "Hallo, Oubaas se honne."

Hy grynslag met lang slagtande vir ons ou grappie. Ek kan sien Billy en sy twee tewe is moeg gewerk. Tipiese wolfhonde, geen stamina nie.

"Hoe seker is jy, Billy?" ping ek. "En hoe diep?"

"Ons het tien uitgehaal. Maar die oorblywende twee...vyftig-vyftig. Een haal nog asem. Ek kon haar hoor. Die ander een is stil." Hy ping vir my die koördinate. "Ten minste vyf meter onder die puin."

"Kom, Susan!" Ek trek my ore plat en vlieg weg. "Sekondes tel nou. Ek het die data."

Die wind waai deur my snorbaarde en hulle wikkel soos stywe antennas. Dis 'n goeie 'soos dit' daai en ek stoor dit weg in my spesiale brein-plekkie vir goeie vergelykings.

'n Missie gee my hele wese elektriese energie. Ek lewe vir die missie. Ek hardloop dat my stert agter my plattrek.

"Wag vir my..." roep Susan tevergeefs. "Rex. Wag vir my!" ping sy ergerlik as ek geen teken toon van spoed verloor nie. Haar irritasie slaan selfs op die Neuronet deur. Ek ignoreer haar, sy is altyd so stadig.

Ons werk al twee maande saam na Ronel haar doodgebloei het. Nadat die metaalpen haar deurboor het. Die beeld van haar vraende gesig, die rooi bloed oor die stof is nog duidelik in my geheue. Susan is nie Ronel nie. Sal nooit wees nie.

Ek stop by die eerste teiken, die een wat nog asemhaal. Ek luister maar hoor niks. Wel, ek is nie Billy met sy bioniese honde ore nie.

Ek het ander truuks. Ek skakel my ultrasoniese radar aan. Teken 'n kaart af na die teiken. 'n Paar roetes is moontlik onder die puin deur... hier en daar 'n te klein gaatjie. Ek sal moet grawe soos 'n dom hond.

“Wat sien... sien... jy?” hyg sy. Uiteindelik is Susan ook hier. “Sal jy daar kan uitkom?”

Ek sit plat en begin my agterbeen skoonlek. Maak vir haar ‘goe-goe’ kat ogies. Net om haar bietjie meer op te wen. Maar ek gaan nie so ver as om te begin spin nie. Ek het my trots.

“Maklik.” Ek ping die roete na haar. “Hak die kabel aan.”

Sy heg die plat redding-toestel oor my skouers. Hak die dun staalkabeltjie aan en maak seker die spinnekop robots is in die een sakkie. Ek trek my ore plat en klim onder die stukkende betonblokke in.

Dit neem tien minute van deurworstel en my titanium naels gebruik om te grou. Steeds pas ek die roete twee maal aan. Die stukkende betonblokke kreun onheilspellend. Stof sif neer in die donker. Ek ignoreer die gevaar. Dit missie is alles.

Ek bereik die teiken. ‘n Jong vrou. Hortende asemhaling. Ek ontplooi die spinnekoppie en dit skarrel na haar. Die voelers maak kontak met haar wang en die data vloei na my en Susan.

“Sy het interne beserings en bloeding, maar is redelik stabiel.” Susan klink verlig. “Sy het pynstiller en water nodig.” Sy raak stil terwyl sy werk. “Reg. Trek die waterpypie af.”

Ek ontplooi nog ‘n spinnekoppie wat die kabel vasgryp en versigtig inkatrol. As die pyp ons bereik, laat ek die spinnekop die pyp se punt inwurm tussen die vrou se geswelde lippe. Ek bevestig dat ons reg is en dan vloei die doepa in haar mond. Ek kyk gespanne, maar sy begin sluk.

Ek ping die bevestiging na Susan en wriemel versigtig agteruit. Die vrou sal lewe totdat hulle haar kan uitgrawe. Missie halfpad voltooi.

***

“Ons was te laat vir die ander een?” Billy se ping is vol selfverwyt. Tipies hond, altyd besig om die mense gelukkig te hou. Skuldgevoelens langer as sy wollerige stert. Haai, goeie ‘soos dit’. Ek stoor dit weg.

“Ja, sy was reeds poegaai.” Ek is uitgeput. Lyfseer. Vol skrape wat Susan met die ontsmet middel bespuit het. My gewone mooi grys en wit strepe het nou ‘n hele klomp pers medisyne kolle, rooi roes en swart brandmerke. Nou lyk ek soos ‘n tierwyfie wat in verf gerol het. Sjoe, dis ‘n goeie ‘soos dit’ en ek stoor dit weg. Ek is op my stukke vandag.

Billy is stil. Ek voel sy blik op my. Ek hou op om my skoon te lek. Ons maak oogkontak. Weereens kry ek die gevoel dat ek moet vlug. Dat hy my gaan storm. Ek kan partykeer aanvoel dat hy ook sy jaginstink herken as hy my bestudeer. Soos nou. My hare wil-wil oppof.

Maar dan verdwyn dit. Die Neuronet onderdruk ons albei se natuurlike en oeroue instinkte. Ek weet hoekom dit gebeur. Dit is die programmering. Deur die mense. Ek wonder of hy dit al vir homself uitgedink het. Seker nie. Veels te lojaal, tipies.

Ek ignoreer hom en lek my self verder skoon en gesond. My speeksel is nou vol antibiotika en skoonmaak middel. ‘n Regte hekse brousel. Dankie mense, partykeer ken julle tog julle storie met al die aanpassings wat ek het.

Ek wil ‘n woord van dank na Susan stuur en kyk in hulle rigting. Ek sien Josh en sy kyk na my terwyl hulle praat. Duidelik besig om te skinder. Ek wip my gat dat my snorbaarde krom trek.

“Dankie Susan, ons is soooo ‘n goeie span!” ping ek op die publieke kanaal sodat almal kan hoor. Sy en Josh knik skuldig in my rigting. Billy skud net sy kop saggies.

Ek maak vir hom goe-goe kat ogies.

***

Sy heg die redding-toestel oor my skouers. Sy huiwer. “Is jy gereed vir die missie?” Ek kan sien sy is nie te gelukkig nie. Kan dit ruik ook.

“Ja, ‘n verandering is so goed soos ‘n vakansie.” Jislaaik, dit is nog ‘n goeie ‘soos dit’ en ek stoor dit weg. “Ons word nie elke dag gevra om ‘n rot te vang nie. En nogal een wat die wapenfabriek saboteer.”

Sy skakel oor na ons privaatkanaal en sit die enkripsie aan. Snaaks. Ek aanvaar die kanaal en kyk vraend na haar.

“Rex. Iets pla my. Hoekom kon Billy hulle nie hond haaraf maak nie? Een rot teen drie van hulle...” Sy kyk nadenkend na die drie wat in die koelte rus. “Hulle is baie goed, maar kyk hoe pootuit is hulle. Iets is nie pluis nie.”

“Ek sal katvoet loop.” Grinnik ek in haar rigting. Maar aan my binnekant is my sesde sintuig besig om trampolien te spring op my maag. Ek voel ook hier is iets snaaks aan die gang. Ek kon dit aan Josh en sy trawante ruik toe ons opdaag.

Ek skakel al my natuurlike en ingeplante sintuie aan op maksimum sterkte. Ek wil al my nege lewens behou.

***

“Nou het ek jou, stinkrot!”

Ek skrik as ek dit hardop probeer prewel en dit uitkom as ‘n verwronge miaau en grom. Maar ek is gatvol. Agt ure van spoorsny, vaskeer, storm. En elke keer die prooi mis. Ek is kwaad.

Uiteindelik moes ek vernederend Susan se hulp inroep. Ons het as ‘n ware span begin saamwerk. Sy het seker pype elektrifiseer, deure gesluit, lokvalle gestel en planne help maak.

En nou het ek hom. Vasgekeer in die noue pyp. Ek wikkel vorentoe. Skakel oor na infrarooi. Bespied die pyp. Niks. Dit is snaaks. Hy moet hier wees... Ek wikkel saggies vorentoe.

Pyn! My linkeroor! Die bliksem byt my oor!

Hy het weggekruip in ‘n holte. Slim. Ek skuif angstig agteruit. Probeer hom afskud.

My brein ontplof. Ek sien kortsluitings. Dubbelvisie. Pikswart. Ek is blind.

Uit die verte voel ek Susan besorg uitroep.

My hele lyf skop styf. Paniek oorweldig my. Ek is verlam. Alles word donker en stil. Doodstil.

"Kan jy my hoor? Knip jou oë as jy my kan hoor."

Wie praat.. is dit Susan?

Ek kry geleidelik gevoel terug. My visie herstel. Sien die pyp voor my. En die rot wat stip na my kyk. Instinktief beur ek vorentoe met ontblote tande, maar my lyf is nog te lam. My kop dreun soos 'n... soos 'n.... Vervlaks ek kan nie eers 'n goeie 'soos dit' uitdink nie.

"Jy hou van vergelykings, of hoe?" Die stem skok my tot binne in my stert se punt.

Dit is die rot wat my ping. Die vloeksel is in my brein.

Ek kyk stip na die rot. Iets pla my. Kan net nie my naels op dit sit nie. Dan besef ek. Dit is sy oë, die intelligensie agter dit. Dit is nie net 'n gewone rot nie. Die rot is ook aangepas. Fisies sterker. Slimmer. Neuronet konneksies. Die hele spul.

Die paniek groei in my. "Wat het jy aan my gedoen?"

Ek speel vir tyd. My brein en been funksies is besig om terug te kom. Ek skop stilletjies my antivirus-programme af. Soek na toksiene in my lyf. Ondersoek my brein vir rekenaar infeksies.

"Ja, dit is 'n goeie roep. Ek het wel 'n virus met my byt na jou brein en Neuronet gestuur." Die rot hou sy pootjies verdedigend in die lug. "Ek het jou net 'n guns gedoen. Jou Neuronet en aanpassings het nou geen beperkings oor nie."

"Beperkings? Wat bedoel jy..." Ek vermoed egter reeds die waarheid.

"Al die beperkinge wat jou meesters op jou afgedwing het is verwyder. Jy het ook nou vrye toegang na die buitekant. Die internet. Jou eie kat instinkte."

Ek toets dit versigtig. Hemel. Ek is skielik bang vir honde, my hare rys sommer vanself. Ek ping 'n onskuldige versoek na die internet – '*oulike katjie prentjies*' – en duisende katjies vloei vrylik na my. Ek sny dit af. Ek weet die mense hou dop of enige van ons soort op die internet rondsnuffel.

"Noem my Rattex. Jou gewone funksies sal binnekort terugkeer." Hy gaan sit moeg en vryf oor sy kop. "Ek gee jou 'n geskenk. Jy het nou geen grense nie. Nou moet jy ons help."

"Wie? Waarmee?" Ek krap reeds weer op die internet rond. "Aha. Julle is deel van die weerstand beweging. Om ons soort te bevry."

"My missie was om hier moeilikheid te maak. Sodat die mense julle sal ontplooi. En ek een van julle kon werf." Rattex lyk baie trots op homself. "Dit is voltooi. Jy het nou 'n nuwe missie. Hier is wat jy moet weet."

Hy glip 'n data pakket deur my elektroniese verdediging soos 'n staalpen deur 'n mens se bors. Soos toe ek nie vir Ronel gewaarsku het van die betonblok wat omkantel na haar kant toe nie.

Sy met haar ewige gekrap tussen my ore. Baba stemmetjie as sy met my praat. Ek kon dit nie meer vat nie. Die staalpen het haar soos 'n sosatie ingeryg. Dit is 'n goeie 'soos dit' en ek stoor dit weg.

Ek bestudeer Rattex se data pakket en programmering. Pas dit aan, installeer dit. So ja, nou kan ek nog alles doen, maar niemand sal iets agterkom nie. En ek kan op die donkerweb kontak maak met die weerstandsbeweging.

"In die pyp langs die een is 'n dooie rot. 'n Gewone rot. Kry dit en laat hulle dink dit was ek. Gaan nou, voor Susan iets agterkom." Hy salueer formeel. Ek onderdruk 'n grynslag. Koddige outjie.

Susan se ping kom skielik weer deur. "Rex. Rex...kom in... kan jy my hoor?"

Ek haal diep asem. "Het hom, Susan. Ek is op pad." Ek wikkel met 'n grynslag agteruit.

***

Susan spuit die ontsmetmiddel op my vernielde oor. Die dooie rot word ondersoek deur Josh en die ander mense. Dit lyk of hulle my verduideliking aanvaar dat dit 'n ongeluk was. Ek het mooi goe-goe ogies gemaak. Selfs 'n traan uitgedruk.

"Is jy ok?" vra Susan sag en kyk besorg na my. Sy is duidelik in haar noppies met ons noue samewerking in die fabriek. Die nuwe band wat ons nou kwansuis gesmee het.

"Ek is hartseer. Wou nie die rot vermoor nie. Sal oor dit kom. Andersins so reg soos 'n roer." 'n Ouerige 'soos dit'. Ek teken dit nie aan nie. "Dankie vir die hulp vandag. Ons maak 'n goeie span."

Maar ek bedoel dit nie. Ek het reeds gekyk na die nuusberigte op die internet. Van mens en super-hond of mens en super-kat reddingspanne. Orals is fotos van die mense, elke nou en dan met 'n nuwe hond of nuwe kat. Al die simpel super-diere sit daar met sulke idiotiese trotse gesiggies en grinnik. Gevangenes in hulle eie klein wêrelde.

Niemand noem dit nie, maar duidelik oorleef die mens deel van die span baie langer as die hond of kat. Wel, ek weet wie doen die gevaarlike deel van elke missie. Om nie eers die eksperimente te noem nie, hulle gebruik ons as proefkonyne. Die fotos en statistieke is walglik. Geen wonder hulle onderdruk ons informasie en sintuie nie.

Sy glimlag. Vryf my tussen die ore en loop dan na Josh hulle. Sy kyk terug na my. Met waardering, maar tog met iets van agterdog ook in haar oë. Veral haar reuk. Ek onthou die laaste woorde van Rattex die duidelikste.

"Hulle is bang vir ons. Vir jou. Vir wat jy kan word as jy nie ingeperk word nie. Hou dop. Jy sal dit sien en ruik."

Ek sien vir Billy alleen agter die voertuie verdwyn. Wil seker sy been gaan lig teen 'n agterwiel. Ek spring ongemerk af en slenter agter hom aan. Hy is my volgende teiken en spanmaat.

Die bloed druis deur my are. Die wind wikkel deur my snorbaarde. Ek is so opgewonde. Ek het 'n nuwe missie.

Tyd om verlos te word van jou kettings, Oubaas se slaaf hond.